VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 13 - Uitgawe 18

Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

12 Junie 2015



1. PERSVERKLARINGS UITGEREIK:

8 Junie 2015: Moderamen - NG Kerk Vrystaat rakende die nie-betaling van staatsubsidies, klik **hier**. 'n Berig hieroor het op 9 Junie in *Volksblad (Netwerk24)* verskyn – klik **hier** vir die berig deur Elsje Waldeck.

8 Junie 2015: Projekspan Kerklike Jeug en Geloof in Suid-Afrika se navorsing oor die kerklike jeug en geloof in Suid-Afrika, klik **hier**. Uitsprake in die media moet teen hierdie agtergrond vergelyk word. **Leraars en gemeentes word versoek om hierdie inligting onder die aandag van ouers en kategete te bring.**

2. UITNODIGING:

Die geloofsgemeenskap en kerkraad van die **NG Kerk Berg-en-Dal**, nooi almal hartlik uit na die **afskeidsdiens van ds Gert Terblanche**, op **Sondag 21 Junie om 09:30** - dit is 'n Nagmaalsgeleentheid.



Ds Gert en Retha Terblanche het hul bediening in Oktober 1982 hier begin en dit is vir die gemeente 'n besondere moment om hulle ná 'n geseënde bediening en verblyf van drie-en-dertig jaar, hier te moet groet. Hulle wil dit graag met u deel - ná afloop van die diens sal verversings in die kerksaal geniet word.

RSVP vóór Donderdag 18 Junie 2015 by Rita van Zyl (kerkkantoor), 051 436 2750, of per e-pos by **ngkbergendal@absamail.co.za**

3. VBO-WINTERWEEK – JUBEL & HOOP:

Hierdie geleentheid vind **vanaf 22 - 24 Junie 2015 in Boemfontein** plaas – klik **hier** vir 'n inligtingsdokument. **Let asseblief daarop** dat indien u gratis by lidmate in Bloemfontein wil tuisgaan wat kamers hiervoor aanbied, skakel asseblief **vóór Woensdag 8 Julie 2015** vir Joanie by 051 406 6732 (k). **Daar is 'n vriendelike versoek dat belangstellendes so spoedig moontlik per SMS sal registreer** – besonderhede op inligtingsdokument.

4. CEF - OPLEIDING IN KINDERBEDIENING

word op **Saterdag 13 Junie 2015** deur Past Ashby Kurian en sy vrou, van die CEF (*Child Evangelism Fellowship*), gelei. Dit sal by die **NG Gemeente Hugenoot** in Bayswater plaasvind. Koste - slegs 'n donasie. Vir besprekings, stuur 'n e-pos aan **ackinders@gmail.com**, of skakel vir Annemarie Coetsee by 082 453 9990.

5. ENGO - PROJEK WINTERHOOP:

6. NUUSBRIEF – AURORA SENTRUM: Klik hier vir die sentrum se jongste nuusbrief.

7. VAKATURES:

- **LERAAR (VASTETERMYN KONTRAK):** Die **NG Gemeente Oranjeville** beskik oor 'n vakante pos en alle gelegitimeerdes word uitgenooi om aansoek te doen. Klik hier vir meer besonderhede – **sluitingsdatum vir aansoeke is Maandag 20 Julie 2015.**

- **GEREGISTREERDE MAATSKAPLIKE WERKER:** Die **President Kruger Kinderhuis te Reddersburg**, beskik oor 'n vakante pos vir 'n Maatskaplike werker. Hierdie Kinderhuis is onder bestuur van die Gereformeerde Kerke van SA. Die posvereistes is die volgende:

  - 'n Graad in Maatskaplike werk
  - 'n Geldige rybewys
  - Aanvoeling en begrip vir kinders
  - Vermoë om kinders emosioneel te lei
  - Kennis van Kinderwet 38/05

  Stuur 'n CV en bewys van opleiding aan: Die Hoof, President Kruger Kinderhuis, Posbus 65, Reddersburg 9904, of per faks aan 051 553 0083, of per e-pos aan **kinderhuis@zipplink.co.za**. Navrae kan gerig word aan mnr I Fourie by 051 553 0086 / 083 790 5203 – **sluitingsdatum vir aansoeke is Woensdag 15 Julie 2015**.

- Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Meer - Vakatures.***

8. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word hier vir jou gerief herhaal. **Inligting oor die fotokompetisie van die NGKVS-Jubeljaar word ook weer hier herhaal.**

9. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week, hul verjaarsdae vier – mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, genade en liefde wees:

12 Junie:
Ds Robbie du Toit - ESTOIRE - 051 433 1232, 084 401 6117, robbiedt@telkomsa.net

13 Junie:
Ds Willie Badenhorst - UNIVERSITASRIF - 051 446 3205, 082 266 2933, wabaden@telkomsa.net
Ds Shaun Darker - STUDENTEKERK - 051 444 2981 (k), 082 563 1413, shaundarker@studentekerk.org

15 Junie:
Ds Chris Schutte - BRANDFORT - 051 821 1109, 083 308 0341, ceg.schutte@gmail.com

18 Junie:
Ds Hansie Swart - FAUNA - 051 421 1864, 083 417 3536, hansies@lantic.net

10. TEN SLOTTE:

Groetnis, tot volgende keer…

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719
Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP *VRYPOS* WIL **INTEKEN**, KLIK hier **(meld asseblief ook u gemeente/dorp)**

AS U *VRYPOS* WIL **KANSELLEER**, KLIK hier **(dit sal 'n fout wees!)**

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by kerkinfo@ngkvs.co.za – stuur ook enige nuusgebeure, ensovoorts na hierdie adres.

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

VAKATURE – LERAAR (VASTETERMYN KONTRAK), NG ORANJEVILLE:

Hiermee word die pos vir 'n vastetermyn, kontrakleraar van die gemeente te Oranjeville bekend gestel.

GEMEENTEPROFIEL: Die NG Kerk Oranjeville is 'n plattelandse gemeente in die Vrystaat, ongeveer 65 km vanaf die Vaaldriehoek. Die gemeente bestaan uit 254 belydende lidmate en 52 dooplidmate, waarvan 98 lidmate bó die ouderdom van 60 jaar is en 58% van dié lidmate op plase woon.

LERAARSPROFIEL: Die Kerkraad en die gemeente nooi gelegitimeerde persone in die NG Kerk wat dinamies en geesvervuld is en wat minstens aan die volgende voldoen:

- 'n Toegewyde gelowige wat die Here liefhet en dien en geroepe is vir 'n bediening in 'n plattelandse gemeente.

- Oor leierseienskappe beskik met goeie menseverhoudinge wat na lidmate op alle sosiale vlakke en ouderdomme kan uitreik.
- 'n Passievolle en pligsgetroue prediker wat eredienste lei as 'n verrykende ontmoeting tussen God en die gemeente, op 'n ontspanne en informele wyse.

PLIGTE: Pligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde kan verrig.

VERGOEDING: 'n Mededingende salaris, op 'n kontrakbasis, sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word, wat ook behuising sal insluit.

AANSOEKE: 'n CV moet vergesel wees van twee referente met kontakbesonderhede. Stuur aan:
- per pos: Die Saakgelastigde, Posbus 1, Oranjeville 1995
- per faks: 016 351 1705
- per e-pos: **ngkoranjeville@vodamail.co.za**

SLUITINGSDATUM: MAANDAG 20 JULIE 2015

DIENSAANVAARDING: Soos gereël by ooreenkoms.

NAVRAE EN BESONDERHEDE:
Leierouderling: Hennie Davel @ 082 800 2225
Saakgelastigde: Nunette Doyle @ 016 351 1705 (kantoor-ure Dinsdae – Donderdae 09:00 – 13:00)

***** Die kerkraad behou hom die reg voor om geen aanstelling te maak nie. *****

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

INHOUD:

1. ALGEMEEN:

- **NG KERK VRYSTAAT JUBELJAAR FOTOKOMPETISIE:** Reg vir 'n GROOT fotokompetisie? Die NG Kerk Familie (NG Kerk, NG Kerk in Afrika en VG Kerk) in die Vrystaat het 'n ryke verskeidenheid van kerkgeboue: vanaf klip en steen tot klei, sommige impossant, terwyl ander minder opvallend en nederig is… in stede en dorpe en op die platteland, almal geskiedkundig en almal betekenisvol. ***Klippe en Stene Jubel dit uit!***, is die hooftema met drie kategorieë, naamlik:

  - Kerk in Omgewing / Gemeenskap
  - Argitektuur en Simboliek
  - Lig en Skadu's

  Almal wat 'n liefde het vir fotografie, argitektuur, kuns en die estetiese, is welkom om in te skryf. Daar is geen ouderdomsbeperking nie. Naasbestaandes (kinders, afhanklikes en eggenotes) van die beoordelaars van die Jubeljaar Fotokompetisie, mag nie deelneem nie. Klik **hier** vir die **advertensie** - **meer inligting, sowel as die reëls** van die kompetisie is **hier** beskikbaar. Alles hieroor word ook op die NG Kerk se *Facebook*-blad (**https://www.facebook.com/events/1531858117036761/**), aangedui en alle foto's wat ingeskryf word, gaan ook **híér** geplaas word – indien jy dus nog nie ons *Facebook*-blad gaan "like" het nie, doen dit sommer nou (onthou jy moet reeds deel van die FB gemeenskap wees).

2. WERKSWINKEL / KURSUS:

- **STRATEGIEë VIR DIE BEKAMPING VAN ARMOEDE:** Dié werkswinkel, ***Hande en voete op die grond***, word as deel van die NG Kerk Vrystaat se Jubeljaarvieringe, in samewerking met ENGO, Vennote in Getuienis, Eenheid vir Bedieningsbegeleiding (EBB), asook die NG Gemeente Ooshoek aangebied. Dit fokus op gemeentes se betrokkenheid by ons gemeenskappe. Hoe kan ons hande en voete op die grond wees? **Leraars word uitgenooi, maar veral ook betrokke lidmate, soos verteenwoordigers van kerkraadskommissies (getuienis, barmhartigheid, diakonie), bedieninge van**

die gemeente, maatskaplike- en hulpwerkers en enigeen wat belangstel. Dit vind op Vrydag 19 Junie 2015 vanaf 09:00 – 16:30 by die NG Gemeente Ooshoek plaas – klik **hier** vir die formele uitnodiging, sowel as die program vir die dag. **Bevestig u teenwoordigheid vóór 12 Junie 2015!**

- **BRUGBEDIENINGSKURSUS:** Die Sentrum vir Kontekstuele Bediening bied hierdie jaar die volledige Brugbedieningskursus in twee blokke in Bloemfontein aan:
  Datum - Week 1: 17 tot 19 Augustus 2015
  Datum - Week 2: 9 tot 13 November 2015
  Plek: NG Kerk Vrystaat Sinodale Sentrum (Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein)
  Aanbieders: Malan Nel, Howard du Toit, Johan van Loggerenberg en Kobus Schoeman
  Koste: R 3 000pp (sluit kursusmateriaal en ligte middagete's in)
  Verblyf: Gratis verblyf kan op vroegtydige versoek gereël word
  Sluitingsdatum: Vrydag 31 Julie 2015
  Betaling: NG Kerk OVS, ABSA Tjek 470 000 406, **NB! Verwysing:** Brug+Voorletters&Van
  NB! Faks asseblief bewys van betaling aan 086 502 0818
  Kontakbesonderhede: Belangstellendes kan vir Joanie by 051 406 6732 (k), of per e-pos kontak by **gemeentes@ngkvs.co.za**

3. VAKATURES:

- **SKRIBA - NG GEMEENTE WARDEN:** Hierdie gemeente beskik binnekort oor 'n vakature vir skriba. Klik **hier** vir al die inligting – **sluitingsdatum vir aansoeke is Sondag 14 Junie 2015**.

- **TENTMAKERSPOS – NG GEMEENTE VERKEERDEVLEI:** Aansoeke word ingewag vir 'n Tentmakerspos wat vanaf 1 Junie 2015 beskikbaar raak. Klik **hier** vir meer besonderhede – **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 31 Julie 2015.**

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – SKRIBA, NG WARDEN:

Die NG Gemeente Warden is op soek na 'n vriendelike, verantwoordelike en stiptelike persoon om die pos van skriba te beklee. Hierdie persoon moet rekenaarvaardig (*Pastel*-agtergrond is voordelig), tweetalig en lid van die NG Kerk-familie wees, asook oor goeie kommunikasie– en organisatoriese vermoëns beskik.

Werksure: Maandae tot Vrydae vanaf 08:00 tot 13:00
Salarispakket: ± R8000pm
Sluitingsdatum: **Sondag 14 Junie 2015**
Skriftelike aansoeke, vergesel van 'n CV, kan per hand by die kerkkantoor (Kerkstraat) afgelewer word, of per e-pos na ngkwarden@zippnorth.co.za gestuur word.
Navrae: Skakel die kerkkantoor by 058 643 0553 of vir ds Pieter Nel by 082 879 1466

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – TENTMAKERSPOS, NG VERKEERDEVLEI:

Enige gelegitimeerde leraar, insluitend emeriti van die NG Kerk is welkom om aansoek te doen. Vergoeding en diensure is onderhandelbaar wanneer die diensoorkoms opgestel word - 'n ruim pastorie is beskikbaar.

Verkeerdevlei is sowat 75 kilometer vanaf Bloemfontein geleë. Die gemeente bestaan uit ongeveer 100 lidmate, waarvan die meerderheid ouer as 50 is. Daar is omtrent 15 (voorskools tot graad 9) kinders in die kategesegroep. Hulle is 'n familiegrootte gemeente wat soos hul leuse dit stel, graag "in Jesus se Voetspore", wil volg. Hulle sien met entoesiasme uit na die volgende fase in die gemeente se pad saam met God.

Aansoeke kan tot Vrydag 31 Julie 2015 per e-pos gestuur word aan bornmanrita@gmail.com.
Vir meer inligting of enige navrae, kontak vir Rita Bornman (saakgelastigde) @ 083 242 9242, of vir Koos Viviers (hoofouderling) @ 082 375 7933.

TERUG NA INHOUD